**Sondag 17 Januarie**

**Skrifgedeelte: Romeine 5:12-20; HK Sondag 3, Antwoord 7**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:7**

## Die erfsonde

Die sondedaad van Adam en Eva was nie net vir hulle persoonlik van betekenis nie, maar ook vir hulle ganse nageslag. Adam het immers nie slegs in persoonlike hoedanigheid gesondig nie, maar ook in amptelike hoedanigheid as eerste mens en as hoof van die verbond met God. Daarom is sy daad van betekenis vir die hele menslike geslag.

Dat die sonde van Adam as *erfskuld* van betekenis is vir alle mense, is glad nie iets vreemds nie. Soortgelyke dinge gebeur vandag nog. As 'n staatshoof oorlog teen 'n vyand verklaar, beteken dit nie dat hy *alleen* in 'n staat van oorlog met die vyand is nie, maar die hele volk waarvan hy die hoof is. So is dit ook met hierdie sondedaad van Adam as verbondshoof: dit is van betekenis vir al sy nakomelinge, soos blyk uit Romeine 5:12: *"Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom, en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring ..."*

Die gevolg van Adam se sonde is verder dat alle mense nou in sonde as *erfsmet* ontvang en gebore word, want Adam het deur die sonde soos 'n slegte boom geword wat slegte vrugte dra (vgl. Gen. 5:3). Daarom het alle mense deel aan Adam se val en ongehoorsaamheid. Dit is wat Dawid ook beklemtoon as hy sê: *"Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het"* (Ps. 51:7).

In en deur Adam is ons self skuldig, omdat hy ons verbondshoof en ons almal se vader is. Dit is die leer van die erfsonde. En hierdie erfsonde is die teelaarde waarop die sondeplante in ons lewens voortwoeker. Daarop groei ook by ons die revolusiegees en die ongehoorsaamheid aan God.

Dit is duidelik dat ons persoonlik by die sondeval van Adam en Eva in die paradys betrokke is. Hulle sonde het gemaak dat ons ook as sondaars voor God staan en daarom die dood skuldig is.

Ons mag miskien dink dat dit onregverdig is dat Adam se sonde ons toegereken word, maar wat sê ons dan daarvan dat die geregtigheid van Chris-tus as ons nuwe Verbondshoof ons uit genade toegereken word? Is dit ook onregverdig? Nee, ons moet kinderlik gelowig aanvaar wat God se Woord ons leer en ons verlossing, ook van ons erfsonde, by Jesus Christus ons Verlosser soek (Rom. 5:19).